# LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKHEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

## UIT DIE KANTOOR

“There will never be a right time. Stop waiting and start doing.” Mel Robbins

Mense, die lewe loop vinnig met almal van ons. Dit voel regtig op die oomblik asof ek partykeer net my kinders in die huis wil hou sodat hulle net nie so vinnig grootword nie. Met die eerste dag se saal het ek ook met ons skool se kinders gesels en hulle laat verstaan dat hulle kan mik vir enigiets wat hulle wil bereik en niemand mag hulle ooit laat verstaan dat hulle dit nie verdien nie of dat hulle nie goed genoeg is nie.
Met die bogenoemde in gedagte wil ek vir julle sê: “By dié skool is dit die jaar vir doen en doen dit nou! Moenie wag nie, want jou kanse gaan verby.”
Kom ons motiveer ons kinders om geleenthede aan te gryp, groot te droom en vir hulle self 'n onvergeetlike jaar te maak. Kom ons as ouers gryp ook soveel as moontlike kanse aan om tyd met ons kinders te spandeer. Die tyd wat ons aan mekaar spandeer is wat regtig belangrik is.
Ek is opgewonde en trots om die jaar met almal in ons skoolfamilie te deel.
2025 gaan 'n grote wees.

*Pieter de Bruyn*



## WAARDES

### NET MY BESTE

Vanjaar fokus op UITNEMENDHEID! As deel van ons program word klas-kapteine aangewys vir elke week gedurende die jaar.

Die leerlingraad is ook deurlopend op die uitkyk om leerders te identifiseer met uitmuntende gedrag.

Ouers kan ook fokus hierop en leerders aanmoedig om hul beste te gee!

## KARAKTERKAMPIOENE

Ons is trots om die volgende leerders as karakterkampioene aan te wys.
Graad 1: Almari Destroo vir ‘n gehoorsame dogter.
Graad 2: Crysteé Januarie omdat sy ander in ag neem.
Graad 3: Ishra Allies vir ‘n entoesiastiese leerder.
Graad 4: MW Pretorius vir netjiese werk.
Graad 5: Frans le Roux vir hulpvaardigheid.
Graad 6: Mia Gagiano omdat sy altyd bereid is om te help.
Graad 7: Markus Tomlinson vir hardwerkendheid.

# ATLETIEK

Die atletiekseisoen het weer in aanvang geneem en ons atlete maak gereed om aan die Sonebyeenkoms deel te neem.
Die byeenkoms vind op 8 Februarie te Laerskool Koue Bokkeveld plaas.
Soos in die verlede, verskaf ons skool die veld en geriewe vir die atletiek, maar die administrasie word nie deur ons skool se personeel gedoen nie.
Inligting rondom hierdie byeenkoms sal aan ouers deurgegee word, sodra ons dit ontvang.
Dis 'n besige sportkwartaal vir ons leerders, so atlete moet seker maak dat hul fiks is en ook tuis oefen, veral as hul atletiekoefeninge mis agv deelname aan ander sportsoorte.
Neem ook kennis dat atlete wat aan Hekkies gaan deelneem, direk ingeskryf word vir die Witzenbergbyeenkoms, aangesien ons die enigste skool is wat aan hekkies deelneem by die Sonebyeenkoms.

# LEIERSKAPONTWIKKELING

Ons is opgewonde om die hele skool - van Pre-Graad R tot Graad 7 deel te maak van die leierskapontwikkeling.
Die personeel kies elke week 'n klaskaptein in elke graad. Klaskapteine het sekere takies waarmee hulle hul juffrouens moet help.
Klaskapteine moet ook wys hoe verantwoordelik hulle is en hul balkies mooi oppas. Dit moet elke Maandag aan die nuwe klaskapteine oorhandig word.
Ons sien uit om ons Bokkies te sien groei.

# WELKOM BY ONS

Elton Jiemies en Jahne Flanagan het hierdie kwartaal by ons aangesluit. Elton ry een van ons skoolbusse en is betrokke op die terrein. Juffrou Jahne los vir die eerste kwartaal in die Intersen fase by ons af - English FAL.




# VAKANTE POS



LAERSKOOL KOUE BOKKEVELD
NET DIE BESTE

**VAKANTE POS VANAF 1 APRIL 2025**
**SENIOR EN INTERMEDIÊRE FASE**

**Vakgebied:** English FAL - Gr. 4 - 7
EBW - Gr. 7

**Minimum vereistes:**
- Toepaslike onderwyskwalifikasie en SACE registrasie
- Rekenaarvaardig - Google for Education
- Uitstekende administratiewe vaardighede
- Goeie menseverhoudings
- Afrigting in rugby, krieket, netbal en atletiek sal in u guns tel
- Meld alle buitemuurs

Aansoeke moet skriftelik aan die skoolhoof gerig word.
Sluitingsdatum van aansoeke: 28 Februarie 2025

**Mnr. Pieter de Bruyn**
**Kontaknommer: 023 317 0611 / 082 448 0483**
**E-pos: admin@laerskoolkbv.co.za**

# BUITELUGKAMP

Let op die datum van die ou SOS kamp wat skuif. Ons kamp hierdie jaar op 'n nuwe plek! Hou hierdie spasie dop vir meer inligting. Die kamp is slegs vir Graad 5 - 7's.

# 0.11 EN 0.13

# NETBAL- EN RUGBYDAG

Vanjaar hou ons skool ons eie Sportdag vir o.11 en o.13 netbal-en rugbyspanne.

Saterdag, 15 Maart vind die dag plaas. Ons sien uit om die wintersport af te skop by ons eie sportgrond.

# KBV MINI-KRIEKETDAG

Op Saterdag, 1 Maart hou ons, ons eie Mini-krieketdag!! Ons verwag ongeveer 42 spanne vanaf so 13 skole! Kom ondersteun ons spanne en geniet die dag saam met ons!

# MINI-KRIEKET WEDSTRYDDATUMS

- 7 Feb: Laerskool Swartland (weg)
- 15 Feb: Laerskool FD Conradie (weg)
- 1 Maart : KBV Mini-Krieketdag
- 8 Mrt: Pomario Mini-Krieketdag (weg) @ Citrusdal




# SWARTSAK VERKOPE

Die Graad 7's het 'n opwindende jaar wat voorlê! Om al die lekker dinge moontlik te maak, het ons befondsing nodig. die Graad 7's neem die geleentheid aan en verkoop swartsakke. Koop sakke en help ons om die jaar nóg opwinderder te maak!

# HOKKIE

Die hokkie sal weer in die tweede kwartaal voortgaan.

Vir enige navrae rondom die hokkie kan juf. Lize gekontak word.

# BELLA & BOBBY







Die pre graad R leerders is hierdie jaar bytjies. Bella en Bobby is die pre graad R klas se pug-bytjies wat elke naweek saam met iemand mag huis toe gaan. Hier is Jacobus met Bobby en Kari met Bella.

# 60 JAAR OUD

Die skool vier hierdie jaar sy 60ste bestaansjaar!
Hou hierdie spasie dop vir meer inligting..




# UITSONDERLIKE PRESTASIE



Stephan du Toit het Maandag, 27 Januarie, uitstekend gekolf teen LS Worcester-Oos. Hy het 55 lopies aangeteken wat 8 viere insluit. Ons is baie trots op hom!

# ALGEMENE KENNIS

Hierdie jaar kry Graad 4 tot 7 weer die geleentheid om aan ons Algemene Kennis Olimpiade deel te neem. Vier toetse word deur die loop van die jaar geskryf. Die leerders met die beste punte, ontvang sertifikate by die erkenningsaand.
Die afdelings waaruit hierdie jaar se toetse bestaan, is:

- Plaaslike nuus
- Wêreldnuus
- Diere en Plante
- Lande en Hoofstede
- Vermaak
- My skool / omgewing



Hou die nuus dop!

# GOOGLE

Alle leerders van Pre-Graad R tot Graad 7 het hul eie e-pos adres onder ons veilige @laerskoolkbv domain. Al ons leerders sal met hierdie e-pos adres op 'n Google Classroom gelaai word. Ouers sal ondersteuning ontvang hoe om dit te doen en by die huis te gebruik. 'n Vergadering is geskeduleer vir 4 Februarie vir ouers wat probleme ervaar. Meer inligting volg binnekort.

Kliek hier vir terugvoer, asb

# NETBAL

Hierdie netbalrokkies en -rompies kan van volgende jaar af by juf. Lize kontant gekoop word.

Die rokkie is R20 en rompie R10.

Jy kan dit kom aanpas en lekker netbal of tennis oefen daarmee.



# KALENDER

Dis onmoontlik om 2025 deur te gaan sonder om die datums te sien wat vasgemaak is aan die einde van 2024. Gebruik asb ons webbladsy om die kalender te sien en af te laai op u selfoon. Kontak vir Ammie met enige navrae.

# EVENTS KOMITEE

Baie dankie aan al die ouers wat reeds aangedui het dat hulle bereid is om as klasverteenwoordigers op te tree.

U sal 'n vorm op u kind se klasgroep kry waarop u u naam kan invul om betrokke te raak by die skool. U is welkom om u naam op meer as een plek in te vul.

Ons is dankbaar teenoor Chrisna du Toit wat voorvat by hierdie komitee.

Ons sien uit na 'n wonderlike 2025 saam met al ons ouers!

# HARTENBOS...










# ONS TENNIS TOER WAS EEN GROOT FEES!









# HARTENBOS...


Porthos
The Three Musketeers


HenNie's
Schweppes
Pups Corner

















